# Lesing 15.05.2018 - DEEL 2 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Vervolg: Die belofte van die Gees in Adam

Mal 2:14 En julle vra: Waarom? Omdat JaHWeH getuie is tussen jou en die Vrou van jou jeug wie jy verraai het, terwyl sy tog jou metgesel is en die Vrou van jou Verbond.

Mal 2:15 Het Hy dan nie een [adamiet] gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n saadlyn van Elohim gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en verraai nie die Vrou van jou jeug nie. [Génesis 1:27]

Mal 2:16 Want Ek haat om weg te stuur, (egbreuk) sê JaHWeH, die Elohey van JisraEl, en dat elkeen sy kleed met geweldpleging bedek, sê JaHWeH van die skeppings-leërmag. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en pleeg nie verraad nie.

2Joh 1:1 DIE oudste aan die Uitverkore Vrou en aan Haar kinders - wat ek in Waarheid liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die Waarheid leer ken het;

Die belofte van die Gees aan Noag se nageslag

Gen_9:13 My boog gee Ek in die Wolkkolom; sy sal 'n Teken wees van die Verbond tussen My en die Aarde.

Gen_9:14 As Ek dan die Wolkkolom oor die Aarde bring en hierdie boog verskyn in die Wolkkolom,

Gen_9:16 As die boog dan in die Wolkkolom staan, sal Ek haar aansien om gedagtig te wees aan die ewige Verbond tussen Elohim en elke lewende siel in alle vlees wat op die Aarde is.

Wys 10:3 Maar die wetsverbreker (Kain) het Haar in sy toorn verlaat, en hy (sy saadlyn) het te gronde gegaan deur die woede wat sy broer gedood het. [Génesis 4:8]

Wys 10:4 Vanweë hom is die Aarde oorstroom, maar deur die Wysheid gered, wat die regverdige geloods het op nietige hout. [Boekrol van Henog 67:2]